higher education
& training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
(Tweede vraestel)
**NKR VLAK 2**

(4101042)

**30 November 2020 (X-vraestel)**
**09:00–11:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 3 addenda.**

128Q2N2030

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

**TYD: 2 UUR**
**PUNTE: 60**

---

**LET WEL:** Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nasien nie.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord slegs EEN vraag uit elke afdeling.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: LANG FUNKSIONELE SKRYFWERK
   AFDELING B: KORT FUNKSIONELE SKRYFWERK
   AFDELING C: VISUELE TEKSTE

5. Beplan (met behulp van byvoorbeeld ŉ kopkaart, vloeidiagram, sleutelwoorde, ens.), redigeer en proeflees alle skryfstukke. Die beplanning moet voor die skryfstuk wees en duidelik aangedui word. Trek ŉ streep deur die beplanning as die finale weergawe klaar oorgeskryf is.

6. Laat ŉ reël oop tussen elke antwoord.

7. Begin elke afdeling op ŉ nuwe bladsy.

8. Skryf netjies en leesbaar.

---

## AFDELING A: LANGER FUNKSIONELE SKRYFWERK

### VRAAG 1: KLAGTEBRIEF

### SCENARIO

Jy bestuur ŉ konferensiesentrum in Maokeng, Kroonstad. Na ŉ maand se gesukkel het die munisipaliteit se vulliswa die vullis, wat reeds vier weke lank opgehoop het, kom haal. Hulle het egter slegs die enkele vullissakke wat nog heel was verwyder en die gemors wat deur honde en verbylopers veroorsaak is, net so gelos. Hierdie toestand het ŉ baie slegte invloed op jou besigheid aangesien die onooglike, stinkende gemors reg langs die ingang van die sentrum lê.



[Bron: *https://witbanknews.co.za*]

### OPDRAG

Skryf ŉ klagtebrief (120–150 woorde) aan die burgemeester van jou plaaslike munisipaliteit, mnr. Moloi, waarin jy kla oor die gebrek aan dienslewering en waarin jy versoek dat daar onmiddellik aandag aan die situasie gegee moet word.

Hou die volgende in gedagte:

- Dit is ŉ formele brief.
- Verskaf inligting oor die ligging van die perseel en die probleem.
- Gee datums en besonderhede van vorige klagtes wat ingedien is.
- Beskryf die nadele wat hierdie toestand vir die buurt en jou besigheid inhou.
- Vereis onmiddellike aandag aan die probleem.
- Onthou om met ŉ welwillendheidsparagraaf af te sluit. **[30]**

**OF**

## VRAAG 2: NAVRAAGBRIEF (BESTELLING)

### SCENARIO

Jy het onlangs die katalogus hieronder van Kies & Koop Posbestellings ontvang.

**Kies & Koop Posbestellings (k.b.a.)**
Privaatsak X1011
Doornfontein-Noord
Johannesburg
2094

Bestel nou drie of meer items en kom in aanmerking vir 'n egte 925 sterling dubbelpêrel-damesring met verstelbare band






***BLUETOOTH** BT2*
Koordlose oorfone
Swart en blou,
Swart en wit
***R699,00***




***ADIDAS** Beckham*
Egte leer
manshardloop skoene, Grys en wit
Groottes 5–13
***R1 200,00***




***SWATCH***
Scuba Dial
Manssporthorlosie
Swart en wit
Swart en rooi
***R999,00***




***GLENFIDDICH***
18-jaar-oue whiskey
750 mℓ of 1 ℓ bottels
***R799,00***




***GUCCI** 54 mm*
Dames katoog-donkerbrille
Swart, rooi of wit
***R799,00***




***JEEP***
Dames T-hemp
Swart en wit,
Rooi en wit,
Vlootblou en wit
Groottes K, M, G, XG
***R499,00***




***JIMMY CHOO***
Dames hoëhakskoene
Swart of wynrooi blinkleer
Groottes 4-9
***R1 299,00***




***NIKE***
Mans- en dames-sweetpakke
Wit en rooi,
Wit en swart.
K, M, G, XG, XXG
***R799,00***

[Bron: *Eie ontwerp met behulp van www.google.com*]

### OPDRAG

Kies en bestel DRIE items. Hou die volgende in gedagte:


- 'n Bestelling word soos 'n navraag hanteer.
- Sê dankie vir die katalogus.
- Spesifiseer die verlangde items.
- Verskaf volledige besonderhede van die items: kode, grootte, kleur, fabrikaat, ens.
- Verskaf volledige besonderhede vir aflewering: adres, kontaknommer, ens.
- Bevestig die bedrag verskuldig en die betaalmetode.
- Bevestig die datum en tyd van aflewering.
- Bou welwillendheid deur waardering vir diens uit te spreek. **[30]**

**OF**

## VRAAG 3: NAVORSINGSVERSLAG

### SCENARIO

Jy is 'n onderwyser by Laerskool Wagendrift. Die hoof, mnr. Piet Willemse, het jou gevra om 'n opname te maak van die koste van skoolklere by drie plaaslike kettingwinkels (PEP Stores, Ackermans en Woolworths). Hy wil graag die uitslag van jou ondersoek met ouers tydens die komende ouervergadering bespreek. Jy het die onderskeie winkels besoek en jou bevindinge in die volgende diagram uiteengesit:




[Bron: *Grafika24*]

### OPDRAG

Skryf 'n formele verslag (120–150 woorde) waarin jy jou bevindinge en gevolgtrekkings duidelik uiteensit.

Gebruik die volgende formaat vir jou verslag:

- Persoon wat aangespreek word
- Titel van die verslag
- Inleiding (opdrag en rede vir die opdrag)
- Prosedure
- Bevindings
- Gevolgtrekkings
- Slot (aanbevelings) **[30]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: KORT FUNKSIONELE SKRYFWERK**


**VRAAG 4: INSTRUKSIES**

**SCENARIO**

Jy sit saam met jou vriendin in die rekenaarsentrum. Dit is jou vriendin se eerste dag by die kollege en sy voel nog vreemd. Haar volgende klas is by die dansstudio.

**OPDRAG**

Verduidelik stap vir stap aan jou vriendin hoe om by die dansstudio uit te kom (80–100 woorde). Gebruik rigtingaanwysings en ten minste VIER bakens.




**WENKE:**

- Elke instruksie begin gewoonlik met ŉ werkwoord of ŉ bevelsin, byvoorbeeld: Ry reguit aan …
- Aanwysings moet logies opmekaar volg.
- Verwys na bakens langs die roete. **[20]**

**OF**

**VRAAG 5: BESKRYWING**

**SCENARIO**

Jy is ŉ adrenalienverslaafde en jou vriend het onlangs die foto hier onder van jou geneem.

**OPDRAG**

Beskryf wat hier gebeur het (80–100 woorde).
Waarom het jy dit gedoen?
Waar het dit plaasgevind?
Wat het jy alles gesien?
Vertel van jou emosies en gewaarwordinge.



Volg hierdie proses vir jou skryfstuk:

- Maak ŉ kopkaart/breinkaart met die titel in die middel en rangskik jou idees rondom die titel.
- Die eerste sin is belangrik want dit stel jou onderwerp bekend.
- Die ander sinne moet logies op mekaar volg.
- Gebruik verbindingswoorde soos want, daarom, maar, aangesien, ens.
- Let op na die sinskonstruksie, leestekens en spelling. **[20]**

**OF**

Kopiereg voorbehou

**VRAAG 6: UITNODIGING PER E-POS**




**SCENARIO**

Jy is ŉ musiekstudent en het twee kaartjies vir die beroemde musiekblyspel *Chicago* bekom. Jy weet jou dosent wil dit baie graag sien.

**OPDRAG**

Gebruik ADDENDUM A (aangeheg) en skryf ŉ e-pos (80–100 woorde) aan jou dosent waarin jy hom/haar uitnooi om die geleentheid saam met jou by te woon. Nooi hom/haar ook om ná die vertoning saam met jou te gaan uiteet. **[20]**


**TOTAAL AFDELING B: 20**

**AFDELING C: VISUELE TEKSTE**

**VRAAG 7: DIALOOG**

**SCENARIO**

Bestudeer die strokiesprent hieronder. Ben en Babsie se seun, Boeta, wil saam met ŉ maat gaan fliek. Dit is ŉ weeksaand. Boeta skryf die volgende dag toets en Ben en Babsie raak aan die stry hieroor.




**OPDRAG**

Voltooi die dialoog in raampies 1 tot 5 (30–50 woorde).

Hou die volgende in gedagte:

- ŉ Dialoog word in die direkte rede geskryf.
- Geen aanhalingstekens word gebruik nie.
- Toon sover moontlik die stemming van die spreker aan in *kursief*. **[10]**

**OF**

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

**VRAAG 8:SIERADVERTENSIE**

**SCENARIO**

Jy wil graag ekstra geld verdien en besluit om mense wat sukkel om rekenaarvaardighede baas te raak na-ure te help.

**OPDRAG**

Gebruik ADDENDUM B (aangeheg) en ontwerp ŉ sieradvertensie vir jou plaaslike koerant waarin jy jou dienste aanbied.

Hou die volgende in gedagte:

- Gebruik die ABBA-beginsel (trek aandag, wek belangstelling, wek begeerte, laat mense tot aksie oorgaan).
- Gebruik verskillende lettertipes en -groottes.
- Jou advertensie moet eenvoudig en maklik verstaanbaar wees.
- Dit moet al die inligting oor die diens gee.
- Die vrae: Wat? Waar? Vir wie? Wanneer? moet beantwoord word. **[10]**

**OF**

**VRAAG 9: PLAKKAAT**

**SCENARIO**

Jou troetelkat het weggeraak.

**OPDRAG**

Gebruik ADDENDUM C (aangeheg) en ontwerp ŉ plakkaat wat jy oral in die buurt kan opsit sodat mense op die uitkyk kan wees vir jou kat.

Hou die volgende in gedagte:

- ŉ Plakkaat berus op die sogenaamde ABBA-beginsel: dit moet die aandag, belangstelling, begeerte en aksie van die leser bewerkstellig).
- Gee ŉ duidelike beskrywing van die kat.
- Gee die naam waarop die kat reageer.
- Sê waar die kat die laaste keer gesien is.
- Gee jou kontakbesonderhede.
- Bied ŉ beloning aan vir die persoon wat die kat vind.
- ŉ Plakkaat moet eenvoudig en maklik verstaanbaar wees.
- Gebruik verskillende lettergroottes en -tipes. **[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 10**
**GROOTTOTAAL: 60**

Kopiereg voorbehou

**ADDENDUM A** **EKSAMENNOMMER:**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

## VRAAG 6: UITNODIGING PER E-POS

FILE EDIT VIEW INSERT FORMAT TOOLS ACTIONS HELP

Send | ↓ | Arial

| | |
|---|---|
| To ... | |
| Cc… | |
| Subject: | |

**ADDENDUM B** **EKSAMENNOMMER:**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

**VRAAG 8:SIERADVERTENSIE**



**ADDENDUM C** **EKSAMENNOMMER:**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

**VRAAG 9: PLAKKAAT**



Kopiereg voorbehou